
# RPO Markverslag
## Week 36 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R37.04** | **-0.8%** | **-0.3%** | **18.7%** |
| A2 (R/kg) | **R73.53** | **-1.6%** | **-0.2%** | **35.3%** |
| B2 (R/kg) | **R60.89** | **0.9%** | **0.5%** | **35.3%** |
| C2 (R/kg) | **R59.44** | **-0.8%** | **2.3%** | **44.2%** |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 36 gedaal met 0.8% teenoor die vorige week en is tans 18.7% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan swakker vraag deur voerkrale wat met bek-en-klou wat steeds versprei, meer kieskeurig is oor die areas vanwaar hulle aankoop. Die verwagting bly steeds dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou in September en ‘n piek in Oktober bereik. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Oktober rondom R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R44/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 36 met 1.6% gedaal teenoor die vorige week en is tans 35.3% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod op karkasse. Die prys is tans ietwat bo die voorspelde prys en ons is onseker of `n afwaartse regstelling gaan voorkom, en of die prys steeds ruimte het om verder te styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober rondom 72/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R65/kg en nie hoër as R80/kg behoort te wees nie.


RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*


***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag
## Week 36 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.36 | -0.3% | -0.8% | 28.4% |
| A2 (R/kg) | R110.61 | 0.7% | 3.8% | 22.2% |
| B2 (R/kg) | R86.77 | 0.2% | 5.5% | 31.1% |
| C2 (R/kg) | R84.06 | 1.0% | 3.1% | 31.0% |





# Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 36 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week en is ongeveer 28.4% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die sywaartse tendens kan toegeskryf word aan 'n konstante aanbod van lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys stelselmatig kan daal tot in Desember soos die aanbod op lammers vermeerder. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Oktober rondom R50/kg te wees en nie laer as R45/kg en nie hoër as R54/kg nie.

# A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 36 met 0.7% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 22.2% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue lae aanbod op lamkarkasse tans in die mark en `n sterker vraag. Die verwagting is steeds dat die prys 'n draaipunt in September kan bereik en stelselmatig kan daal tot in Oktober. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober ongeveer R106/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R118/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO